Jesus se geboorte
Kersfees

Voorbereide Leeswerk vir die aanbieder

Johannes 1: 1 – 8
Matteus 1: 1 – 25
Matteus 2: 1 – 18
Lukas 1: 1 – 56
Lukas 2: 1 – 40
Lukas 3: 23 – 38

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les.

"Jelly Baby"-lekkers
Kriptoneeltjie, skaapwagterstaf, teleskoop om na die sterre te kyk, kroon vir Herodes. Gebruik eie idees om die vertelling te dramatiseer en die kinders te kies om "rolle" te vertolk.
Werkkaart van 'n gevoude boksie
Skêre, gom en inkleurkryte
Hartjie-lekkertjies
Sakkie met lekkers (vir die afsluiting)

Lesinhoud

Ons vier vandag Jesus se geboorte op die 25ste Desember. Hierdie is egter nie die presiese dag waarop Jesus régtig gebore is nie. Bybelkenners reken Jesus se geboortedag was eerder nader aan die einde van September of Oktober. Die regte dag is nie vir ons as Christene so belangrik nie, wel dat ons Jesus se geboorte herdink en nie net Kersfees sien as 'n lekker vakansie met baie persente nie.

Lank terug, in die tyd van Keiser Augustus, is daar 'n wet gemaak dat al die mense moes teruggaan na hulle geboortedorpe, sodat almal in die Romeinse Ryk getel kon word (ons noem dit vandag 'n sensusopname). Josef, saam met sy swanger verloofde Maria, het van Nasaret in Galilea na Betlehem gegaan. Josef moes na Betlehem gaan omdat hy uit die nageslag van Dawid was en Betlehem die stad van Dawid was. In Jesus se geslagsregister in die Bybel word die name van vier vroue genoem (Tamar, Ragab, Rut en Batseba). Vir 'n Joodse geslagsregister was dit baie ongewoon. Dit wys net weer vir ons dat God se genade vir alle mense, mans en vrouens, is.

Josef was aanvanklik baie omgekrap oor Maria se swangerskap, want hy het geweet dit is nie sy kind nie. Natuurlik was dit die Heilige Gees wat Maria laat verwag het. Terwyl
Josef besig was om planne te beraam om uit hierdie verknorsing te kom, het hy een nag 'n droom gehad. 'n Engel van die Here het vir Josef gesê om met Maria te trou en dat hulle hul kindjie "Jesus" moes noem. In Hebreeus is dit Jesua of Jehosua en die naam beteken: "Die Here is heil, redding en

verlossing" of "God is hier by ons." Josef het toe besluit om met Maria te trou en volgens aardse, Joodse wette, Jesus se pappa te word.

In Bethlehem was daar geen slaapplek vir Josef en Maria nie. Al die gastekamers en herberge was vol! Op die ou end het hulle in 'n stal 'n slaapplekkie gekry. Terwyl hulle hier in Betlehem in die stal was, het die tyd aangebreek dat Maria se baba gebore moes word. Sy het hom styf in doeke toegedraai en in 'n voerbak, waaruit diere hulle kos eet, neergelê.

In die omgewing van Bethlehem was daar 'n klompie skaapwagters. Uit die bloute was daar een nag 'n engel van die Here by hulle. Die skaapwagters het hulle doodgeskrik. Maar die engel het hulle gerus gestel. "Ek het goeie nuus! Vandag is die Messias gebore!" Skielik was daar 'n groot skare engele wat almal die Here geloof en geprys het.

Die skaapwagters het opgewonde na Betlehem gegaan. Hulle kon hulle oë nie glo toe hulle vir Josef en Maria en die kindjie kry, net soos die engel gesê het nie. Hulle het dadelik vertel wat die engel nog vir hulle gesê het. Maria het ernstig geluister na hierdie vertelling.

Op die 8ste dag na sy geboorte het Jesus amptelik sy naam by sy aardse ouers gekry. Hy is ook besny – soos die wet vir alle Joodse seuntjies bepaal het.

'n Klomp heidense (nie-Joodse) sterrekenners het kort na Jesus se geboorte in Jerusalem aangekom en begin rondvra oor waar die koning van die Jode gebore is. Hulle het 'n ster in die Ooste gesien wat die bewys vir hulle was dat daar 'n belangrike koning gebore is. Herodes was in hierdie tyd die koning van die mense in Palestina. Hy was by almal bekend vir sy wreedheid en hy was baie omgekrap oor die nuus van 'n ander koning se geboorte.

Herodes vra toe die Joodse Raad waar sê hul geskrifte die Messias sou gebore word. En almal het saamgestem – in Betlehem. Hierna het Herodes 'n geheime ontmoeting met die sterrekundiges gereël. Hy vra hulle toe om die kindjie te soek en hom ook te laat weet waar hulle die kind kry - hy wou kamstig ook eer gaan betoon.

Die sterrekenners het daardie selfde aand weer hierdie spesiale ster gesien en dit het stadig voor hulle uitbeweeg, totdat dit tot stilstand gekom het reg bo die huis waar Jesus saam met sy ouers was. Toe die mans vir Jesus sien, het hulle op hul kniëe neergeval en laag gebuig. Uit hul bagasie het hulle geskenke vir die kindjie gehaal. Kosbare goud, wierook (as dit brand ruik dit baie lekker) en mirre ('n soort boomgom van verskillende plante wat ook as duur parfuum gebruik is). Dit was geskenke wat by 'n koning gepas het!

'n Engel het aan die sterrekenners verskyn en hulle gewaarsku om nie na Herodes toe terug te gaan nie. Hulle is toe met 'n ander pad terug na hul eie land toe. Ook Josef het 'n droom gehad dat hy en Maria en die baba, Jesus, na Egipte moes vlug. Herodes was op soek na Jesus en wou hom doodmaak.

Vragies vir slim oortjies

- Wat was Jesus se aardse pappa en mamma se name?
- Waar/in watter dorp is Jesus gebore?
- Hoekom is hy nie in Nasaret gebore waar sy ouers gewoon het nie?
- Watse geskenke het die sterrekundiges vir Jesus gebring?
- Na watter land het Josef en Maria en die baba Jesus gevlug?

Besprekingspunte

- Dink jy Jesus se koms na die aarde was deel van God se plan om ons as mense te red? (Ja, dis al plan wat sou werk.)
- Moses het vir die Joodse volk die wet gebring – wat sou Jesus bring? (Die kans om gered te word en vir ewig te lewe.)
- Is Jesus net die koning van die Joodse volk? (Nee, Hy wil die koning wees van alle mense).
- Hoekom dink jy so? (Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy enigste seun gestuur het).

Lewensles

God het in die vorm van Jesus waarlik mens geword en ook gesterf sodat ons die ewige lewe kan kry.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, dankie dat U Seun aarde toe gestuur het! As Jesus nie gebore is nie, het ons nie 'n kans gehad om vir ewig by U te lewe nie! Dankie vir daardie kans!
Amen

Idees vir VET pret

"Jelly Baby"-lekkertjies om ons aan die baba Jesus te herinner

Kreatiewe aktiwiteit

Ons gaan 'n geskenkpakkie vou om ons te herinner dat Jesus die grootste geskenk is wat ons ooit kon kry. Sit jou hartjie lekker binne-in.

Vers vir die week

Lukas 2: 10 en 11

“ Toe sê die engel vir hulle: “Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle ‘n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!”

Net vir die lekker

Almal sit in ‘n kring. Stuur die sakkie met lekkers om. Speel musiek en stop die musiek elke keer by iemand anders (as jy nie musiek het nie, klap jou hande). As die sakkie by jou stop moet jy opstaan en jou naam sê en wat jou gunsteling herinnering van Kersfees is. Jy kan dan ‘n lekkertjie kry. Doen dit totdat almal ‘n beurt gekry het.